

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 46: Ekev – Omdat

Dan sal dit gebeur, omdat jy hierdie wette gehoorsaam, hou en doen, dat יהוה, jou God, Sy verbond en Sy onverdiende guns met jou sal hou wat Hy aan jou vaders gesweer het. Deut. 7:12 – PWL¹

Torah: Deut. 7:12 tot 11:25

Haftorah: Jes. 49:14 to 51:3

Nuwe Verbond: Matt. 6:33; Rom. 10:1 tot 3; 2 Kor. 5:21; 1 Thess. 4:1 en 2; Heb. 4:1 tot 7; Joh. 14:15, 21 en 23; 1 Joh. 2:3 tot 5; 1 Joh. 5:3; Luk. 9:1; 10:19; Joh. 10:10; Rom. 8:31 tot 39; 1 Joh. 4:4; Rom. 2:28 en 29.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 46 wat afgelaai kan word by: [Parashah46Notas14](#) en [Parashah46Notas15](#) en [Parashah46Notas16](#).

The question is not why would a loving God send people to hell? The question is why would anyone choose hell over a loving God? – Anonymous.

Look back and thank Him. Look around and serve Him. Look ahead and trust Him. Look up and expect Him. Yeshua is coming back, rather sooner than later! – Jan Markell.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

It is easy for believers in Messiah to read about geographical Israel with little interest. Descriptions of the land seem inconsequential to us. After all, Christianity provides a spiritual inheritance in heaven, not an earthly inheritance. Why should believers care about the land of Israel? One reason we should take an interest in the land of Israel is that God does. The Bible is filled with details about this particular piece of real estate. The land of Israel is the stage on which the majority of the Bible is played out. In God's Book, the land of Israel is a central concern. If it matters to God, it should matter to His children (FFOZ, 2017).

Midrash (Torah Bespreking)

Hersiening

In verlede week se notas het ons die betekenis van *sh'ma*, *sh'mar* en *asah* bespreek. Kortliks is die betekenis soos volg:

Om te *sh'ma* is om te hoor wat YHVH sê en dit te bewaar (*sh'mar*) en presies daarvolgens te handel (*asah*). Dit is om onvoorwaardelik te glo tot die mate dat enige vorige denke, houdings, prioriteite, menings en geloofsoortuigings onmiddelik vervang word. Om die woord van YHVH (Sy Torah) te hoor is dus om enige vorige denke en optrede onmiddelik te verander of aan te pas om in absolute ooreenstemming te kom met dit wat deur YHVH gespreek is.

Aansluitend hierby is die vraag wat sekerlik die meeste deur al die eeue gevra word die volgende: *Wat moet ek doen sodat dit in alle opsigte met my goed sal gaan?* Deur die eeue het mense hierdie vraag probeer beantwoord met menslike wysheid, MAAR in hierdie week se parashah hoor ons YHVH se antwoord op hierdie vraag. Wie 'n oor het, laat hy hoor wat YHVH sê! Laat ons *sh'ma*, *sh'mar* en *asah*! Laat ons met gespitse ore luister en YHVH se Woorde sodanig ter harte neem dat ons nougeset daarvolgens sal handel! In die verband moet ons onthou:

Experience is a cruel teacher – first it gives the exam and then the lesson!

Is dit nie veel beter om eers deur Vader-God uit Sy Torah onderrig te word en dan eksamen te gaan skryf nie? Ons moet moeite doen om uit Israel se ondervinding te leer en seker maak dat ons nie dieselfde foute begaan nie! Dit is in die lig hiervan dat Paulus in sy brief aan die Korinthiërs skryf:

¹¹Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom. ¹²Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.

Dit is daarom dat Josua met die aankoms in Kanaän vir Israel gesê het:

Hierdie boek van die wet mag nie uit jou mond uitgaan nie, maar jy moet dit dag en nag bedink sodat jy versigtig kan wees om volgens alles wat daarin geskryf staan te doen, want dan sal jy jou paaie voorspoedig maak en dan sal jy sukses hê. Josua 1:8.

Psalm 1 is ook bevestiging hiervan:

¹Gelukkig is die man wat nie lewe volgens die raadgeving van die wetsoortreders of staan op die pad van die sondaars of vertoef in die geselskap van spotters nie, ²maar sy vreugde is in die wet van יהוה en hy deurdink Sy wet dag en nag. ³Hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by 'n waterstroom, wat sy vrugte gee op hulle tyd, waarvan die blare nie afval nie en alles wat hy doen, is voorspoedig. Ps. 1:1 tot 3.

Paulus het ook aan Timotheus gesê:

¹⁶Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir 'n kursus in onpartydige opregtheid ¹⁷sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad. 2 Tim. 2:16 en 17.

Indien ons YHVH se Torah *sh'ma, sh'mar* en *asah* – hoor, bewaar en doen – sal ons staande kan bly teen die aanslae van die lewe!

Daarom begin hierdie week se parashah met die woorde:

Dan sal dit gebeur, omdat jy hierdie wette gehoorsaam, hou en doen, dat יהוה, jou God, Sy verbond en Sy onverdiende guns met jou sal hou wat Hy aan jou vaders gesweer het. Deut. 7:12

Alleenlik diegene wat YHVH se Torah soos dit in die nuwe verbond vervul is, hoor, bewaar en nougeset nakom, sal voorspoedig wees in alles wat hulle doen. Daarom is dit van uiterste belang om te verstaan wat YHVH se Torah van die nuwe verbond behels, want dit is wat ons moet *sh'ma, sh'mar* en *asah!!* Dan sal dit met ons in alle opsigte goed gaan ten spyte daarvan dat ons, soos Israel van ouds, beproef sal word!

God's people are not always saved from trial, but they are kept safe in it. – Anonymous.

Maar omdat יהוה julle liefhet en die eed gehou het!

Teen die einde van verlede week se Torahskriflesing lees ons wat Moses aan Israel gesê het, naamlik:

⁶want jy is 'n afgesonderde volk tot יהוה, jou God; יהוה, jou God, het jou vanuit al die volke wat op die aarde is, gekies om 'n volk vir Sy eie besit te wees. ⁷יהוה het nie Sy liefde op julle gesit of julle gekies omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die minste van al die volke, ⁸maar omdat יהוה julle liefhet en die eed gehou het wat Hy tot julle vaders gesweer het, het יהוה julle met 'n sterk hand uitgelei en julle bevry uit die huis van slawerny, uit die hand van Farao, die koning van Mitzrayim. Deut. 7:6 tot 8.

YHVH het Israel op grond van liefde gekies en hulle van die slawejuk van Egipte bevry op grond van die verbondsbelofte aan Abraham (Genesis 15), en soos dit bevestig was aan Isak en Jakob. Daarom het Moses aan Israel gesê:

⁹Weet daarom dat יהוה, jou God, God is, die getroue Magtige God, wat Sy verbond en Sy onverdiende guns hou tot 'n duisendste geslag met dié wat Hom liefhet en Sy opdragte gehoorsaam, maar aan die wat Hom haat, betaal Hy dit terug in hulle gesig, om hulle te vernietig. ¹⁰Hy sal nie terughou teenoor dié wat Hom haat nie, Hy sal hom in sy gesig terugbetaal. ¹¹Jy moet daarom die opdragte, die reëls en die wette wat ek jou vandag beveel, doen. Deut. 7:9 tot 11.

Moses herinner Israel daaraan dat YHVH ‘n God van liefde en oordeel is – van genade (onverdiende guns) en van regmatigheid (geregtigheid). Aan die wat YHVH liefhet deur Sy opdragte te gehoorsaam, bewys Hy voortdurende onverdiende guns, maar Hy sal sonder versuim die wat ongehoorsaam is, naamlik Sy haters, straf!

Daarom moet ons ook ernstig kennis neem van hierdie woorde van Moses, want dit is ook op ons van toepassing! Ons word ook daaraan herinner dat, ten spyte van die onverdiende guns deur vertrouwe in Yeshua, is YHVH steeds ‘n God van liefde en oordeel is – van genade (onverdiende guns) en van regmatigheid (geregtigheid).

Die verhouding tussen YHVH en Israel van die ou verbond, asook Israel van die nuwe verbond was, en is steeds, ‘n liefdesverhouding en liefde is nie afdwingbaar nie, maar is ‘n vrywillige daad. Daarom het Yeshua gesê:

As julle My liefhet, voer voortdurend My opdragte uit. Joh. 14:15.

Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My liefhet en wie My liefhet, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.” Joh. 14:21.

Julle is My vriende as julle alles sal doen wat Ek julle beveel. Joh. 15:14 – PWL.

Die fondament van beide die ou en die nuwe verbond is dus genade en liefde!! Liefde (vir YHVH en jou naaste) is soos die gordynreeling waaraan twee gordyne hang, naamlik die wet (die Torah) en die profete. Sonder liefde val die ‘gordyne’ op die grond en dien geen doel nie!

Yeshua antwoord hom: “Jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip. Dit is die eerste en grootste opdrag en die tweede, wat net soos dit is: jy moet jou naaste liefhê net soos jouself. Aan hierdie twee opdragte hang die hele Wet en die Profete.” Matt. 22:38 tot 40.

Paulus bevestig die woorde van Yeshua toe hy in sy brief aan die Korinthiërs geskryf het oor die uitnemendheid van die liefde:

As ek al die tale van mense en engele praat en ek het nie liefde in my nie, dan sal ek kletterende koper of ‘n rasende simbaal word. As ek profesieë in my het, al die geheime ken, al die kennis het en as ek al die vertrouwe in my het sodat ek berge kon verwyder, maar ek het nie liefde in my nie, sal ek niks wees nie. As ek alles wat ek het vir die armes gee en as ek my liggaam oorgee om verbrand te word en ek het nie liefde in my nie, dan is dit vir my geen voordeel nie. 1 Kor. 13:1 tot 3.

Liefde en gehoorsaamheid loop hand aan hand! Daarom herinner Moses weereens die volk daaraan om YHVH se Torah – die boek van die wet – te *sh’ma*, te *sh’mar* en te *asah* – te hoor, te bewaar en dit nougeset te doen (Deut. 7:11). Dit sal die bewys wees van hulle liefde vir YHVH en van hul dankbaarheid dat YHVH hulle nie uitegwis het toe hulle die bloedverbond (die boek van die verbond – Ex. 19:5 tot 24:11) verbreek het met die aanbidding van die goue kalf nie (Ex. 32:10 tot 14).

Dan begin hierdie week se Skriflesing met die volgende woorde van Moses:

Dan sal dit gebeur omdat (ekev) jy hierdie wette gehoorsaam (sh'ma), hou (sh'mar) en doen (asah) dat יהוה, jou God, Sy verbond en Sy onverdiende guns met jou sal hou (sh'mar) wat Hy aan jou vaders gesweer het. Deut. 7:12.

Weens YHVH se liefde en Sy onverdiende guns vir Israel het Hy die verbond met Abraham, Isak en Jakob, naamlik die verbond van die belofte (Efes. 2:12), gehou (*sh'mar* – dit omhein, dit beskerm en daarvolgens handel). YHVH het getrou gebly aan die verbond met Abraham en Hy het dit in Yeshua vervul!

Indien Israel uit liefde die Torah van Moses sou onderhou, sou YHVH hulle oorvloedig sien!

Die oorhoofse doel van hierdie wette, ook bekend as die boek van die wet, was sodat Israel in die regte verhouding met YHVH kon leef tot Yeshua sou kom. Die Torah van Moses was Israel se gids (tugmeester) (Gal. 3:24 en 25) tot Yeshua gekom het om aan die folterpaal die skuldbrief te betaal vir die oortredinge van die Torah van Moses (Kol. 2:14), asook die skuld te betaal vir die verbreking van die Boek van die Verbond – die bloedverbond (Ex. 24:3 tot 11) – deur die aanbidding van die goue kalf. Die boek van die wet het Israel in bewaring gehou tot die heerlijkheid (die Gemanifesteerde Teenwoordigheid) van Yeshua (die Torah van Yeshua van die nuwe verbond), wat groter is as die Torah van Moses, sou kom (2 Kor. 3:7 tot 11).

7As die bediening van die dood, die geskrewe woord wat op klippe gegraveer is, in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid gekom het sodat die seuns van Yisra'el nie kon kyk na die gesig van Moshe nie as gevolg van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid op sy gesig, wat verbygaan, 8hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid wees nie? 9As die bediening wat veroordeel, in eer, lof en grootheid was, hoeveel meer is die bediening wat onpartydig opreg maak, oorvloedig in eer, lof en grootheid, 10want as gevolg van die alles oortreffende eer, lof en grootheid, is, wat vroeër eer, lof en grootheid was, ook nie meer in eer, lof en grootheid nie, 11want as daar eer, lof en grootheid was in wat moes vergaan, is daar baie meer eer, lof en grootheid in wat bly.

Die eer, lof en grootheid van die geskrewe wet, naamlik die Torah van Moses, het vergaan en is vervang met die alles oortreffende eer, lof en grootheid van die Torah van Yeshua van die nuwe verbond!!

Maar ons leef in 'n tyd waar die Messiaanse Beweging 'n groter heerlijkheid gee aan die Torah van Moses as aan die bediening van die Gees volgens die Torah van die nuwe verbond in Yeshua! Die Torah van Moses van die ou verbond word deur talle in die Messiaanse Beweging bokant die Torah van Yeshua van die nuwe verbond verhef! Ja, selfs tot so 'n mate dat geglo word dat Jode wat die Torah van Moses onderhou, ook gered is. Dit ondanks die feit dat die Skrifte van die nuwe verbond duidelik verklaar dat redding alleenlik moontlik is deur vertrouwe in Yeshua as die Lam van God. Yeshua is die enigste weg na die waarheid wat ewige lewe gee (Joh. 14:6). Gevolglik kan daar geen verhouding met YHVH-God sonder Yeshua wees nie, want Hy is God se geregtigheid (2 Kor. 5:21).

Omrede Rabbynse Judaïsme vir Yeshua as Messias verwerp het, staan hulle steeds onder die gesag van Moses, naamlik die Torah van Moses. Volgens Gal. 4:1 is hulle nog kinders (Grieks: *nepios* – 'n minderjarige kind) wat 'n tugmeester (Grieks: *paidagogos*; Gal. 3:24) nodig het. Omrede Rabbynse Judaïsme Yeshua verwerp het, is hulle hul erfposisie wat vir hulle bestem was, kwyt, want slegs die wat vertrouwe in Yeshua as Die Gesalfde Een het, bereik die volwassenheid van 'n seun (Grieks: *uihotesia* – volwasse seun; Gal. 4:5) om sy erfposisie in besit te neem as mede erfgenaam saam met Yeshua (Rom. 8:17; Gal. 4:7)!

Daarom: Om die Torah van Moses te volg, is om jouself weer onder die tugmeester te plaas! Dit is om weer in die huis wat Moses gebou het te wil gaan woon! Dit is om te weier om die Skrifte van die nuwe verbond te glo wat bevestig dat die einddoel van die Torah van Moses was Yeshua (Rom. 10:4) en dat daar met die verandering in priesterskap – van Levitiese tot Melgisédek – ‘n verandering in die wet plaasgevind het (Heb. 7:12).

Die Messiaanse Beweging is skuldig daaraan dat hulle die huisreëls van die ou verbond wil toepas in die huis van die nuwe verbond! Sal die Huiseienaar dit toelaat en dit aanvaarbaar vind? Onthou: Yeshua is die Hoof Hoeksteen van hierdie huis!

Yeshua sê vir hulle: “Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: ‘Die Steen wat die bouers verwerp het, dit het die Hoof Hoeksteen geword. Hy het van die Teenwoordigheid van יהוה gekom en is wonderbaar in ons oë?’

Die Huis van die ou en die nuwe verbond

Moses was ‘n sinnebeeld van Yeshua en hy was “tydelik aangestel” om die huis van YHVH – die gemeente – te bou tot Yeshua sou kom om aangestel te word om die huis van YHVH – die gemeente – te voltooi en vir ewig daaroor te heers. Paulus verduidelik dit soos volg:

¹My afgesonderde broers, wat deel in die hemelse roeping, dink daarom versigtig aan Yeshua, Die Gesalfde Een, wat ons openlik erken as God se Afgevaardigde en nie-Levitiese Hoofpriester. ²Hy is vertrouenswaardig teenoor God wat Hom aangestel het, net soos Moshe in God se hele huishouding getrou was, ³want hierdie Een se lof en eer is baie meer as die van Moshe, soveel as wat hy wat die huis gebou het, baie meer eer het as die huis, ⁴want elke huis word deur iemand gebou, maar Hy wat voortdurend alles bou, is God. ⁵Moshe was as ‘n dienskneg toevertrou met die hele huis, tot getuienis van wat nog deur Hom gesê sou word, ⁶maar Die Gesalfde Een as Seun oor Sy huis. Ons is Sy huis as ons met vrymoedigheid en trots Sy goeie Boodskap tot die einde toe vashou. Heb. 3:1 tot 6.

Yeshua is nou vir ewig aangestel oor YHVH se huis en elkeen wat vertrou het in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias tot vergifnis en versoening, is die huis (die gemeente, die ware Israel) van YHVH!

Daar word dikwels gepraat oor die twee huise, naamlik die huis van Juda en die huis van Efraim (Josef) en die eenwording van hierdie twee huise. Maar daar word vergeet dat YHVH vanaf die begin slegs een huis gehad het en dat YHVH steeds vandag slegs een huis het! Die verdeling van Israel in twee huise, naamlik dié van Juda (die Suidelike koninkryk) en dié van Efraim (die Noordelike koninkryk) was weens onderlinge struwelinge in die huishouding van YHVH! Maar in Yeshua het hierdie twee huise reeds een geword, soos Paulus dit verduidelik:

²⁸Daar is nie Jood of Arameër nie, daar is nie slaaf of vryman nie, daar is nie man of vrou nie, maar julle is almal een in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua. ²⁹As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename. Gal. 3:28 en 29.

¹³Nou, in Die Gesalfde Een, Yeshua, het julle wat vroeër op ‘n afstand was, naby gekom deur die bloed van Die Gesalfde Een, ¹⁴want Hy is ons Vrede, Hy wat albei een maak en die middelmuur van skeiding vernietig het. ¹⁵In Sy fisiese liggaam het Hy die haat waardeloos maak, wat deur die opinie van mense aangaande opdragte van die wet veroorsaak is sodat deur Sy liggaam, die twee tot een nuwe mens geskep kon word. ¹⁶Hy het die twee se verhouding met God herstel in Een liggaam en deur Sy kruisiging die haat doodgemaak. ¹⁷Hy

het gekom en die goeie boodskap van vrede, vergenoegdheid, gesondheid en voorspoed aan julle wat ver was en aan die wat naby was verkondig, ¹⁸want in Hom is daar vir ons albei toegang deur een Gees tot die Vader. ¹⁹Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Stad van die Afgesonderde Een en kinders van die familie van God. ²⁰Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou. ²¹In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה ²²terwyl julle ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees. Efes. 2:13 tot 22.

Daarom het Yeshua gesê:

¹¹want Ek sê vir julle dat baie vanaf die ooste en vanaf die weste sal kom en saam met Avraham, Yitz'gak en Ya'akov sal skuinslê in die Koninkryk van die hemel, ¹²maar die kinders van die koninkryk sal uitgegooi word in die duisternis daar buite. Daar sal 'n gehuil wees en 'n gekners van tande." Matt. 8:11 en 12.

Eerstens sê Yeshua dat daar baie uit ander volke, en uit ander dele van die wêreld, naamlik Jode en nie-Jode (heidene; onbesnedenes) sal kom om saam met die Vaders (van die geloof in Yeshua) aan te sit (skuins te lê volgens die gebruik by 'n dinee) in die Koninkryk van die hemele. Maar dan sê Yeshua dat die wat gedink het dat hulle volgens geboorte die kinders van Abraham is en daarom die koninkryk gaan beërwe, sal in die buitenste duisternis uitgedrywe word. Slegs diegene, Jood en nie-Jood wat wedergebore is deur vertrou in Yeshua as die Messias is die ware Israel.

Die volgende Skrifgedeeltes bevestig dit:

¹²want net soos die liggaam een is en baie ledemate het, maar al die dele van die liggaam, al is hulle baie, een liggaam is; so ook met Die Gesalfde Een, ¹³want ons is ook almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink. 1 Kor. 12:12 en 13.

¹¹want die Skrif sê: "Elkeen wat in Hom vertrou, sal nie beskaam word nie. ¹²Hierin maak Hy nie 'n onderskeid tussen Jood en nie-Jood nie, want יהוה is Een vir almal van hulle en is waardevol vir almal wat Hom aanroep, ¹³want elkeen wat hom op die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה beroep, sal lewe hê. Rom. 10:11 tot 13.

Moses was aangestel as die bouer van die huis van YHVH van die ou verbond en Yeshua is aangestel as die bouer en voltooiër van die huis van YHVH van die nuwe verbond. Moses was getrou en het die huis van die ou verbond volgens YHVH se 'spesifikasie' gebou. Net so was Yeshua getrou en is die huis van die nuwe verbond gebou volgens YHVH se 'spesifikasies'. Dit is YHVH se 'nuwe huis' en Hy het die ou huis verlaat. Hierdie ou huis van die ou verbond word egter steeds bewoon deur diegene wat Yeshua verwerp het!

Ons moet die verskille tussen hierdie twee huise verstaan en besluit in watter huis ons wil woon en onder watter gesag ons staan!

Die 'huisreëls' van die huis van die ou verbond was vervat in die Torah van Moses en was toegepas deur 'n Levitiese priesterorde wat diens doen in 'n fisiese tempel wat deur mense gebou was.

Maar die 'huisreëls' van die huis van die nuwe verbond is vervat in die Torah van Yeshua (die boek van die verbond soos dit in Yeshua volbring is) en word toegepas deur 'n Melgisédek priesterorde wat diens doen in die tempel waar die Afgesonderde Gees woon,

naamlik in en deur die liggaam van elkeen wat vertrou in Yeshua as die Messias (1 Kor. 6:19). In Yeshua word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה, terwyl ons ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees!

Die wat in die huis van die nuwe verbond woon, is nie die kinders van die slavin Hagar nie, maar is soos Isak die kinders van die belofte aan Sarah wat vry is van die slawejuk van sonde. Onthou ook: Die ware Jerusalem is daarbo en nie die huidige Jerusalem wat saam met die kinders van Hagar in slawerny is nie (Gal. 4:25).

In Gal. 4:24 tot 31 verduidelik Paulus dat Sarah en Hagar 'n sinnebeeld is van die twee verbonde (huise) – die een is die 'ou' woning van die kinders van Hagar wat in slawerny is en die ander is die 'nuwe' woning van die kinders van Sarah wat vrygekoop is deur die kosbare bloed van Yeshua (1 Pet. 1:18 en 19). Daarom sê Paulus:

Staan daarom vas in die vryheid waarmee Die Gesalfde Een ons vrygemaak het en moenie weer in die juk van slawerny gejuk word nie. Gal. 5:1.

Dit is daarom noodsaaklik dat ons moet verstaan wie is die ware Israel wat in die huis woon wat deur Yeshua gebou is!

Paulus skryf in Gal. 3:7 en 29 die volgende:

*⁷Weet daarom dat dié wat uit die vertrou is, hulle is kinders van Abraham.
²⁹As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Abraham en volgens die belofte, erfgename.*

Op grond van ons **vertrou in Yeshua Messias is ons dus kinders van Abraham**, naamlik sy nageslag en dus ook sy erfgenaam. Abraham is die vader van almal wat in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias glo (Rom. 4:14 tot 16). Hy is ook die aardsvader van die onbesnedene wat glo in Yeshua as Messias (Rom. 4:11). Ons is die kinders van Abraham uitsluitlik op grond van die genade van YHVH deur vertrou in Yeshua. Hierdie belofte staan vas vir die hele nageslag, naamlik vir Jood en nie-Jood (Rom. 4:16). Elkeen wat uit die vertrou is, word saam met Abraham geseën (Gal. 3:9). Om die nageslag (kinders) van Abraham te wees is dus nie op grond van verdienste nie; ook nie deur die wet (die Torah van Moses; die geskrewe wet) te onderhou of op enige ander wyse nie. Dit is alleenlik deur vertrou in Yeshua as Messias!

Dit is vertrou wat ons die nageslag van Abraham maak. Abraham is deur vertrou geregverdig verklaar (Gen. 15:6; Rom. 4:9) en dit is alleenlik deur vertrou wat ons geregverdig verklaar word. Vertrou is dus die gemeenskaplike faktor van ons familie verbintenis met Abraham.

Abraham is die begin (die aardse vader) van YHVH se volk wat Hy as Sy eiendom geneem het (Ex. 19:5 en 6; 1 Pet.2:9). Daarom is daar ook uit een wat gefaal het in ou ouderdom, soveel soos die sterre van die hemel en soos die sand aan die seestrand, wat nie getel kan word nie, gebore (Heb. 11:12). Elke gelowige in Yeshua word deel van YHVH se volk, naamlik Israel, wat met Abraham as vader begin het. Daar is nie meer 'n onderskeid tussen Jood of Griek nie of tussen slaaf of vryman nie of tussen man en vrou nie, want ons is almal een in Yeshua Messias (Gal. 3:28). Ons is almal die kinders van Abraham wat deur vertrou in Yeshua Messias die kinders van YHVH, ons Hemelse Vader, geword het.

Nou kan ons die betekenis van Paulus se woorde in Rom. 9:6 verstaan ten opsigte van wie Israel is:

Dit is nie asof die boodskap van God gefaal het nie, want nie almal wat vanuit Yisra'el is, is Yisra'el nie.

Het jy 'gehoor' wat Paulus sê, naamlik: Nie almal wat uit Israel is, is Israel nie!!

Die vraag is dus: Wie is die ware Israel dan? Die antwoord: Almal wat Yeshua aangeneem het as Messias en wat YHVH se Torah onderhou!

Dit is hulle wat vandag YHVH se volk Israel is en dit is hulle wat in die huis wat deur Yeshua gebou is mag woon! By die deur van YHVH se huis waar Yeshua oor heers, is dit gekrywe: "Reg van toegang voorbehou"!

Bepeins of Bespreek

1. In watter huis bly jy? Rabbynse Judaïsme bly in die huis van die ou verbond en moet daarom al die huisreëls van die Torah van Moses onderhou. Die huisreëls van die huis van die nuwe verbond is egter 'n sagte juk en 'n ligte las (Matt. 11:29 en 30), want dit is op beter beloftes wettelik gegrond (Heb. 8:6). Wat is hierdie beter beloftes? Is dit die verandering in die wet soos die brief aan die Hebreërs, veral in hoofstukke 7 tot 10 dit verduidelik? Is dit die gawe van die Afgesonderde Gees?
2. 'n Baie belangrike vraag wat elkeen ook moet antwoord is die volgende: Wie is jou leermeester? Is dit Rabbynse Judaïsme of is dit Rabbi Yeshua Die Gesalfde Een? Hierdie vraag word bespreek in 'n artikel wat by hierdie skakel [Okt15Leermeester](#) afgelaai kan word. Wie laat jy toe in jou huis? Is diegene wat 'n ander evangelie verkondig ook in jou huis welkom (2 Kor. 11:4). Is Rabbynse Judaïsme welkom in jou huis? Onthou 2 Joh. 1:10 – *As iemand na julle toe kom en nie hierdie leer bring nie, moet hom nie in die huis ontvang nie en nie vir hom sê, "welkom aan jou," nie.*
3. In die huis van die nuwe verbond het die huis van Juda en die huis van Efraim reeds een geword – 'n eenwording wat alleen moontlik is deur vertroue in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias tot vergifnis van sonde. Is eenwording sonder Yeshua Skriftuurlik of is dit die pogings van mense wat glo dat Torah-gehoorsame Jode sonder Yeshua gered word? In 'n artikel: *The risk of loving the Jewish people more than you love the Jewish Messiah* waarsku Eitan Bar, 'n Messiaanse Jood wat in Israel woon, teen hierdie misleiding. Hierdie artikel kan by die volgende skakel afgelaai word: <https://www.oneforisrael.org/bible-based-teaching-from-israel/the-risk-of-loving-the-jewish-people-more-than-you-love-the-jewish-messiah/>
4. 'n Ander gevaar is dat gelowiges in die Messiaanse Beweging ook so bekoor word deur hulle Hebreuse wortels dat hulle dit meer lief het as Yeshua Die Gesalfde Een. Hierdie gevaar word ook deur Eitan Bar in die volgende artikel bespreek: *The RISK of Loving Your Heritage More Than You Love the Messiah*. Hierdie artikel kan afgelaai word by: <https://www.oneforisrael.org/bible-based-teaching-from-israel/messianic-perspective/risk-loving-heritage-love-messiah/>. In hierdie artikel skryf hy ondermeer die volgende:

Judaism's rejection of us as Jewish believers is based on Judaism's rejection of Moses, the prophets, and ultimately the Messiah Himself. Dead traditions cannot give life nor change our heart for the better, only faith in Yeshua as Messiah can! The outcome of religious traditions that I've encountered so far is mainly characterized

by; pride, legalism, self-justification and walls of separation. And, worst of all – compromising the message of the Gospel!

Traditions are no more than “salt and pepper” for my main dish – faith in Yeshua.

Laat ons nooit die woorde van Paulus in Fil. 3:1 tot 11 vergeet nie, veral verse 7 en 8 waar hy skryf:

7maar hiérdie, wat vir my voordele was, beskou ek as verliese, as gevolg van Die Gesalfde Een. 8Ek beskou ook al hierdie dinge as verlies ter wille van die verhewe kennis van Yeshua, Die Gesalfde Een, my Meester, ter wille van wie ek alles verloor het en as gemors beskou het, om Die Gesalfde Een as wins te verkry.

Hierdie artikel van Eitan Bar is ook die moeite werd om te lees en om aan ander te stuur wat nie hierdie gevaar raaksien nie!

- Indien ons nie verstaan wie die ware kinders van Abraham is nie, asook nie wie die ware Israel is nie, loop ons gevaar om nie te verstaan wie die ware priesterorde is nie. Dan besef ons ook nie dat Rabbynse Judaïsme die teenstanders van YHVH is nie en verstaan ons nie dat ons oë en hoop op die Hemelse Jerusalem gevestig moet wees en nie op 'n aardse Jerusalem met 'n derde tempel nie! Die artikel van Ina van Niekerk “Die Banier van JaHUaH” gee meer insig hieroor en kan afgelaai word by: [DieBanierJaHUaH](#) . Maar ons kan ook nie bekostig om te vergeet dat *One reason we should take an interest in the land of Israel is that God does. The Bible is filled with details about this particular piece of real estate. The land of Israel is the stage on which the majority of the Bible is played out. In God's Book, the land of Israel is a central concern. If it matters to God, it should matter to His children* (FFOZ, 2017).

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.